

Sondag 29 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 2:10-16 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 2:13; HK Sondag 31, Vraag 84

Die uitwerking van die Woord van God

Paulus is dankbaar dat die Woordverkondiging in Tessalonika vrugte gelewer het. Hierdie verkondiging het gepaardgegaan met hulle lewenswandel wat in ooreenstemmig met die Woord was. Dit is nie 'n aanspraak op hulle voor-treflikhede nie, maar die gevolg van hulle gehoorsaamheid aan God sodat hulle suiwer, reg en onberispelik geleef het. So het die Woord eerstens op hulle 'n uitwerking gehad.

Die uitwerking raak egter ook die gemeente. Paulus druk dit op hulle harte om tot eer van die Here te lewe. Hulle is geroep om in God se koninkryk in te gaan en in sy heerlikheid te leef. Hierdie verhouding word met die beeld van 'n pa wat sy kinders versorg, in verband gebring. Dit is 'n intieme verhouding waar die pa die beste belange van sy kinders soek. So moet die gemeente steeds voortgaan om die boodskap wat hulle ontvang, te toets aan die Woord van God. Hierdie boodskap moet in hulle optrede sigbaar wees. Verder sal die verkondiging van die boodskap daartoe lei dat diegene wat sondig, deur God se oordeel getref sal word. Dit is dan dieselfde Woordverkondiging wat tot gevolg het dat sekere mense aan God gehoorsaam is en ander die maat van hulle sondes volmaak en deur God se oordeel getref word.

Elkeen het ook die verantwoordelikheid om die boodskap wat ontvang word, aan God se Woord te toets. Die toepassing van tug is dan 'n liefdevolle handeling om te verseker dat elkeen se lewe volgens God se Woord ingerig is. Dit help nie net dat jy die boodskap van God se liefde vir jou Christus hoor nie. Jy moet jou lewe daarvolgens inrig.

Tug is die handeling waarmee die uitwerking van God se Woord jou lewe aanspreek.

Sing: Skrifberyming 15-7:1, 4

Ds. PJ (Petrus) van Blerk (Rietvallei)